ENG

www.usb.ac.za/agenda

MBA = mobiliteit?

Is dit vir mense met 'n meestersgraad soos 'n MBA makliker om van werk te verander? Maak dit regtig nuwe deure oop? AMANDA MATTHEE het gaan rondvra.

OM UIT TE vind of 'n nagraadse bestuurskwalifikasie tot groter mobiliteit lei, het ons 'n kort vraelys op die sosiale netwerk Linkedin geplaas en vrae per e-pos aan 'n aantal alumni van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool gestuur. Altesaam 23 mense uit Suid-Afrika, Europa,die VSA en ander lande in Afrika het gereageer. 'n Wetenskaplike studie is dit nie, maar dit bied tog insig in hoe só 'n kwalifikasie kan help om 'n loopbaan te bou. Maar kom ons begin by die begin.

WAAROM WOU JY 'N MBA OF MDEVF DOEN?

Wat was hierdie alumni se aanvanklike verwagtinge van 'n MBA of Meesters in Ontwikkelingsfinansies (MDevF)?

Vir feitlik almal was dit persoonlike groei of loopbaanontwikkeling. Tien van die 23 wou 'n beter begrip van die sakewêreld hê. Ses wou ook van bedryf verander – dit sluit 'n wetenskaplike, verpleegkundige, musiekonderwyseres, ingenieur en rekenmeester in.

"Ek wou 'n MBA doen om grense te verskuif. Ek is ook die eerste een in my familie wat 'n meestersgraad behaal het," sê Fatima Jakoet, 'n loods op SAA se Boeing 737-800's.

Ander redes vir verdere studie het ingesluit bestuursvaardighede, nuwe uitdagings, strategiese denke, die opbou van netwerke, beter byvoordele, groter bonusse, meer selfvertroue en vryheid.

KON JY MAKLIK 'N BETER OF ANDER POS NÁ JOU GRAAD KRY?

Almal wat op ons vrae gereageer het, het wel van pos verander. Vir party het dit vyf jaar geneem om 'n skuif te maak terwyl die meeste redelik gou van werk verander het.

In ons ondersoek het sewe van die 23 (30%) 'n pos in 'n ander bedryfsrigting aanvaar. Nóg sewe (30%) het van werk verander maar in dieselfde bedryf gebly, ses (26%) het 'n hoër pos in dieselfde maatskappy aanvaar terwyl drie (13%) hul eie onderneming begin het.

Nuwe pos, nuwe bedryf

Alida Jordaan, wat haar MBA deeltyds gedoen het, het van musiekonderwyseres in Desember 1993 tot navorsingsassistent in Januarie 1994 geskuif. Vandag is sy 'n portefeuljebestuurder by Old Mutual Investment Group SA. "Dit sou nie gebeur het sonder 'n MBA nie." Sy glo terselfdertyd dat 'n mens van werk moet verander omdat 'n individu deur verskillende ervarings groei.

Heloise Nel, bestuurder by Accenture, het van ingenieur tot bestuurder by 'n konsultasiemaatskappy beweeg. "Ingenieurswese was nie my passie nie – mense en besigheid wel. Nou doen ek dit waarvoor ek regtig lief is."

Cornelis van der Waal het van personeelwerwing na bestuurskonsultasie beweeg en is vandag 'n programbestuurder by Frost & Sullivan in die Kaap. "My MBA het hierdie skuif moontlik gemaak."

André du Toit, hoofbestuurder by BKB, het eers bevordering by sy vorige maatskappy gekry en toe na 'n groter maatskappy met groter verantwoordelikhede in die landbousektor geskuif. "Ek het baie gou aangepas as gevolg van die goeie grondslag wat my MBA my gegee het en omdat ek in



ILLUSTRASIE: ISTOCK

strategie gespesialiseer het."

Rudolph Fourie het as assistent- finansiële bestuurder by Sasol in Londen gewerk voor hy bedank het om sy MDevF by die USB te doen. Hy het tydens sy studies as dosent by die Universiteit van Stellenbosch se Departement Rekeningkunde gewerk. "Ek het die begin van die jaar graad gekry en het so pas bedank om 'n niche volhoubaarheidsonderneming, Alternative Prosperity, te stig. Die MDevF het die volhoubaarheidsveld vir my oopgemaak."

Ndangi Katoma, hoof van Korporatiewe Kommunikasie by die Bank of Namibia, het eers in die plaaslike regering gewerk voor hy die pos by die bank aanvaar het. En Anita Beukman het ná haar MBA van verpleegbestuur na bestuurskonsultasie beweeg. Vandag werk sy as sagtewarekonsultant by 'n konstruksiemaatskappy in Kalifornië, VSA.

Dieselfde bedryf, nuwe maatskappy

Lukas Duursema, hoofstreekkoördineerder van Portefeulje- en Tegnologiebestuur by Siemens in Duitsland, sê sy MBA maak dit vir hom moontlik om "holisties oor besigheid te dink". Dit verskaf ook aan hom die teoretiese boublokke om meer lateraal te bestuur, en maak nuwe geleenthede plaaslik en internasionaal vir hom oop. "Die basis wat my MBA my bied, maak dit baie makliker."

Johan Vorster het ná sy MBA van groep- logistieke bestuurder tot hoofbestuurder by 'n fabriek gevorder. Vandag is hy 'n hoofbestuurder by PPC Saldanha waar hy meer ruimte vir loopbaangroei het. "Ek het ná 18 jaar by dieselfde maatskappy van werk verander en dit het nie goed gevoel om vriendskappe agter te laat nie. Die inhoud van die nuwe werk was baie dieselfde, maar die kultuur was anders. My MBA het my die vaardighede gegee om die mense en die besigheid te verstaan."

Erin Walker het sy ouditeurspos by Deloitte verruil vir finansiële direkteur van die familie-onderneming Walker's Midas. "Nou kan ek my vaardighede toepas saam met die vryheid wat ek soek. Sedert my MBA voel ek dat ek enigiets kan doen."

Ronel Bester het ná haar MBA in 2007 in die kommunikasiebedryf gebly, maar 'n senior bestuurspos as direkteur van Kommunikasie by die Nasionale Minister van Toerisme aanvaar. "Dit vereis elke dag van my om diverse vaardighede te gebruik en kennis oor uiteenlopende velde toe te pas. Om uit jou gemaksone te beweeg is nooit maklik nie, maar ná twee jaar in my nuwe pos kan ek sien hoe ek gegroei het. Ek glo die MBA het my toegerus om gemaklik in 'n hoëdrukomgewing te kan funksioneer, en om analities en multidissiplinêr te kan dink en om planne deur te voer."

Fergus Marupen is ná sy MBA in 2004 as groep- uitvoerende hoof van Menslike Hulpbronne by Absa Bank Beperk aangestel. "Die MBA het my reg geposisioneer vir die uitdagings en leierskap wat die nuwe rol vereis het. As jy jou kundigheidsgebied goed verstaan, sal jy jou vermoë verbeter om nuwe uitdagings te aanvaar." >

Dieselfde maatskappy, hoër pos

Verskeie mense het hoër poste in dieselfde maatskappy gekry. Renier Ehlers is ná sy MBA tot voorsieningskettingbestuurder by Merensky bevorder. Hy sê sy MBA het hom gehelp om sy eie tekortkominge sowel as sterkpunte te verstaan en om verandering te hanteer. "Ek het die praktiese en teoretiese kennis om te weet hoe dinge behoort te werk en ek het 'n netwerk van ander MBA-gegradueerdes om te help wanneer ek dit nodig het."

Eduard de Vries het sy MBA by die Universiteit van Nijenrode in Nederland gedoen met 'n module by die USB en een module by Kellogg in Chicago, VSA. Hy is vandag 'n senior bestuurder by die NASDAQ-genoteerde IDEXX Laboratories. Ses maande ná sy MBA is hy gevra om by die maatskappy se senior bestuurspan aan te sluit wat vir hul globale IT-funksie verantwoordelik is. Dit het tot 'n aansienlike salarisverhoging en aandele gelei. "Ek het dit nie so gou verwag nie. My maatskappy het nie vir my MBA betaal nie, dit was 'n persoonlike belegging."

Dorbor Hagba is onmiddellik ná sy MBA in 2007 van 'n junior tot 'n Vlak 2-rekenmeester by die Central Bank of Liberia bevorder. Hy is in Januarie vanjaar as assistentdirekteur van Finansies by dié bank aangestel. Hy kan egter nie gou van werk verander nie omdat sy werkgewer vir sy MBA betaal het en hy 'n kontrak moes teken waarin hy onderneem om minstens vier jaar lank by die bank te bly. Hy sê daar is baie goeie vooruitsigte vir mense met 'n MBA in sy land weens die breindrein ná byna twee dekades se burgeroorlog.

Jeannine Terblanche het in die eerste jaar ná haar MBA in 2008 van verpleegster in gemeenskapsgesondheid tot farmaseutiese verteenwoordiger by Aspen Pharmacare gevorder. Vandag is sy 'n sleutelrekeningbestuurder by dié maatskappy. "Dit was finansieel die moeite werd. My aanstelling as bestuurder is beslis aangehelp deur my MBA." Volgens haar gee die kombinasie van haar kennis van gesondheidsorg en haar MBA haar nóg groter mobiliteit.

Hannelie Eksteen, eienaar van BPT Consulting Services BK, sê: "Ek het soos die domste mens op aarde gevoel toe ek met my MBA begin het, maar nou voel ek of ek berge kan versit."

Nkuli Mkhize, wat haar MDevF in 2009 behaal het, het 'n horisontale skuif in haar maatskappy gemaak. Sy wou ontwikkelingswerk doen en het van senior beleggingsbeampte by die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika na projekontwikkelingsbestuurder vir energie, vervoer en logistiek by die bank geskuif.

Skuif van korporatief na eie onderneming

Drie van die respondente het ná hul MBA hul eie ondernemings begin – in besigheidsprosestransformasie, stedelike beplanning en eiendomme.

SAL JY VAN NOU AF MAKLIKER VAN WERK VERANDER?

Almal is entoesiasties en glo dit sal voortaan makliker wees om skuiwe te maak omdat hul kwalifikasies aan hulle groter selfvertroue en bevoegdhede gee. Party het fyn uitgewerkte planne vir die volgende vyf jaar.

Soos Lukas Duursema van Nijenrode sê: "Die uitdaging is nie om van werk te verander nie. Die uitdaging is om 'n geskikte pos te vind wat my vermoëns stimuleer." Johan Vorster wat as hoofbestuurder by 'n mededinger aangestel is, sê die verandering het hom bewus gemaak van hoe maklik dit eintlik is om 'n dramatiese skuif te maak. André du Toit, wat ook na 'n hoër pos by 'n ander maatskappy geskuif het, stem met Johan saam. "Ek was baie onseker of ek gemaklik sal kan aanpas in die nuwe omgewing. Dit het egter gou verdwyn."

Hannelie Eksteen sê: "Vir my is verandering deel van die lewe en my MBA het my toegerus om dit te kan hanteer. My MBA het 'n enorme hoeveelheid energie, dissipline, fokus, moed en opofferings geverg. Maar as jy dit maak, lê die wêreld oop voor jou."

Ronel Bester sê haar graad het haar vaardighede geslyp sodat sy dit in 'n verskeidenheid omgewings kan toepas. "Dit het weer eens aan my bevestig dat 'n mens nooit moet ophou om nuuskierig te wees nie. My MBA het my gehelp om baie meer aanpasbaar en veelsydig te wees. In plaas daarvan om verandering as 'n bedreiging te sien, beskou ek dit nou as 'n geleentheid om myself verder te ontwikkel en om 'n sinvolle bydrae te maak."

Nkuli Mkhize van die DBSA sê om regtig 'n verskil te maak, moet sy van werknemer na werkgewer beweeg. Vir Fergus Marupen van Absa gaan toekomstige sukses oor "om 'n sukses van my huidige pos te maak en om die dinamika van die finansiële bedryf te verstaan." Hy sal van werk verander as dit sy ontwikkeling bevorder.

Jeannine Terblanche sê sy glo nie 'n MBA is 'n towerstaf vir 'n droompos nie. "Ek dink wel my MBA help my om my geld met groter wysheid te bestuur sodat ek finansieel op 'n beter plek is."

'n Tyd om terug te gee

Vir party begin daar 'n tyd van terugploeg ná hul studies. Fatima Jakoet sê sy is dankbaar vir die geleenthede wat sy gekry het, maar dis nou tyd om terug te gee aan die gemeenskap en die jeug van Suid-Afrika.

Rudolph Fourie glo sy MDevF help hom om homself as 'n maatskaplike en omgewingsentrepreneur te vestig. "Die MDevF maak Afrika vir my oop." a

Besoek
www.usb.ac.za